Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

Geagte voornemende ouer

Baie dankie dat u Laerskool Danie Malan oorweeg. Ons hoop die inligting help u met u belangrike besluit.

WAT BIED LAERSKOOL DANIE MALAN U KIND?

- ‘n Kindervriendelike omgewing.
- ‘n Skool met karakter en tradisie. Die skool is al 115 jaar oud.
- Gehalte onderrig.
- Lae leerder-onderwyser-verhouding—gemiddeld .
- Groot grasperke vir speelplek.
- Voltydse Spelterapeute, jeugwerker en deeltydse sielkundige aan diens.
- Uiters bekwame onderwysers.
- Verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite.
- Puik akademiese-, sport- en kultuur-prestasies.
- Pragtige skoolterrein en fasiliteite.
- Netjiese skoon kleedkamers.
- Ruim klaskamers.
- Massa konsert elke tweede jaar waaraan al die leerlinge kan deelneem.
- Klasassistente in sekere klasse.
- Volledig toegeruste Rekenaarsentrum.
- Naskool.

HOEVEEL IS DIE SKOOLFONDS?

- In 2019 is die skoolgeld **R9 295** per jaar betaalbaar oor 11 maande, dus R845 per maand.
- Die skoolgeld vir 2020 sal in November tydens ‘n ouervergadering bepaal word. Dit styg jaarliks met ongeveer 8%.
- Betalings kan gemaak word per debietorder, internet of direkte deposito’s, per tjek of kontant.
- Skoolgeld is verpligtend. Vrystellings word op meriete toegestaan.

IS DANIE MALAN SE AKADEMIE OP STANDAARD?

- Danie Malan spog met puik opgeleide onderwysers.
- Danksy veertien Beheerliggaamposte kan die skool ‘n lae-opvoeder-leerling verhouding handhaaf.
- ‘n Opvoedkundige sielkundige word deur die skool besoldig, toets leerlinge wat skolasties sukkel, en maak aanbevelings hoe die struikelblokke oorkom kan word.
- Opvoeders bied Remediërende onderrig aan leerlinge wat met skoolwerk sukkel.
- Baie hulpmiddels word ingespan om onderrig en leer ’n genotvolle ervaring te maak.
- Ons het ‘n volledige rekenaarsentrum waar die leerlinge se Wiskunde en Leesvaardigheid verbeter word. Reading Rocket is die program wat daarvoor gebruik word.

IS DAAR ‘N NASKOOL BY DIE SKOOL?

- Ja
- Danie Malan se naskoolsentrum funksioneer vanaf Januarie 2016.
- Ons bedryf die naskool op die skoolgronde wat dit gerieflik maak veral vir kinders met aktiwiteite wat by die skool aangebied word.
- Leerlinge van Gr R – 7 is welkom.
- Gesonde middagetes word voorsien.
- Kinders kry ook deur die loop van die dag genoeg koeldrank en water.
- Op Vrydae voorsien ons ’n pakkie skyfies en ysies aan die kinders.
- Gedurende skoolvakansies is die naskool oop van 07:00 – 17:30. ’n Vakansieprogram sal gevolg word om kinders deur die loop van die dag besig te hou. Verversing om 10:00 en middagete sal bedien word gedurende vakansietye.
- Die naskool is gesluit op publieke- en skool vakansiedae.
- Kostes 2019: R10 560 per jaar betaalbaar oor 11 maande, dus R960 per maand. R200.00 registrasiegeld eenmalig.
- Vir enige navrae kontak gerus vir Joeanne Tintinger by 083 304 1588.

MOET EK ‘N SKOOLDAGBOEK / HUISWERKBOEK KOOP?

- Ja as jou leerder in Graad 1-3 is. Net die Graad 4-7 leerlinge ontvang ‘n dagboek van die skool.
- Die dagboek word gebruik om huiswerk in af te skryf, en as kommunikasiemiddel tussen die personeel.

IS MY KIND VEILIG BY DIE SKOOL?

- U kind se veiligheid is vir ons ‘n prioriteit.
- Gedurende skoolure is u kind in die sorg van die onderwyser. Indien u kind se

onderwyser afwesig is word ‘n plaasvervanger gereël in haar plek, of u kind word by ‘n ander klas ingedeel. Indien ‘n plaasvervanger gereël word, gaan u kind voort met die werk. Indien u kind in ‘n klas ingedeel word sal u kind in sy/haar kuierboek werk wat spesiaal vir die doel gemaak is.

- Gedurende pouses hou die personeel en leerderraad toesig oor die leerlinge. Daar is elke dag 9 perso-neellede betrokke by terreindiens, vanaf 07:00 totdat die skool begin, en ook gedurende pouses.
- Van 06:00 hou een van die skool se algemene assistente en ‘n dagwag toesig by die hek by die saal, vir leerders wat reeds vroeg afgelaai word.
- In die aande is daar ‘n nagwag.
- Ons skool het CCTV kameras op die terrein en in die klasse om boelies en diefstal te bekamp.
- Die naskole se bussies laai die leerders by ‘n spesiale naskoolhek op.
- Daar is puntdiensbeamptes by elke voetoorgang om die skool in die oggende en in die middae. Die skolierpatrollie, saam met puntdiensbeamptes is in die oggende en middae aan diens - om u kind oor die kruisings te help.
- Die skool se hekke is gesluit tydens skoolure. Slegs die hek by Koos de La Reystraat word gedurende skoolure vir ouers oopgemaak. (Hoofhek)
- Geen ouer mag gedurende skoolure binne die terrein wees nie, en of voor klasse wag nie.
- Leerlinge wat vroeër gehaal word, sal slegs die skoolterrein mag verlaat, indien die ouer of voog, of iemand wat skriftelike toestemming van die ouer of voog het, die kind uitgeteken het by die kantoor.
- Tydens atletiek word die sporthekke gesluit. Dit verbeter die toesig.

HOE KAN EK AS OUER BETROKKE RAAK?

- Ouers kan help met afrigting by die Bulletjie Rugby of Mini krieket.
- Ouers kan ook deel word van komitees. Daar is die Geboue en terrein komitee, Ouerkomitee, Bemarkingskomitee en Buite- kurrikulêre komitee.
- Ons het ’n broodjie-projek by die skool waar minder bevoorregte leerders broodjies gedurende pouses ontvang. Dit behels dat u as ouer een keer per maand 30 broodjies moet maak, in aparte sakkies moet sit, en voor 9:00 skool toe moet bring. U kan selfs ook net een keer per maand ’n vrug, lekkertjie of koeldrank vir 60 leerlinge stuur. ’n Ander alternatief is om eenkeer per maand, of eenmalig ’n bydrae skool toe te stuur waarmee ons vir daardie leerlinge kos koop. Alternatiewelik kan u betrokke raak deur een van ons behoeftige leerders met hul verjaarsdag te bederf met lekkergoedpakkies vir hul en hul klasmaats. Voor die Julie en Desembervakansie samel ons blikkieskos in, vir ons behoeftige gesinne. Borge vir uitstappies en toere word ook verwelkom.
- U kan ook betrokke wees deur u kind te help met sy of haar huiswerk. Help u kind op so ’n wyse dat hul steeds die werk self doen, maar dat u daar is om

hulle te help as hul sukkel. Motiveer u kind. Maak u kind van kleins af lief vir skoolwerk, en moenie huiswerktyd spanningsvol of vol konflik maak nie.

- Aan die begin van die jaar stel die onderwyser en die leerders ‘n lys van gebreke, asook ‘n wenslys saam vir hul klas. Dit is deel van ‘n projek wat bekend staan as die “Eienaarskap-projek”. Die projek wil poog om die skoolgeboue en terrein te verbeter en om die leerders en ouers, as **mede eienaars** en gebruikers, deel te maak van die proses. Ouers kan help deur iets te herstel, iets te skenk of net deur te help.

HOE KAN EK DIE SKOOL HELP OM FONDSE IN TE SAMEL?

- Indien u Makro kaart aan Danie Malan gekoppel is verdien u geld vir die skool, en ouer as u aankope doen (sonder om ’n vinger te verroer).
- Kry ’n “My school kaart” en gebruik dit elke keer as u Woolworths, Reggies, Engen, TOYSRUS en Waltons besoek. As u nie reeds ‘n “My School” kaart het nie, doen nou aansoek deur 0860100445 te skakel, of besoek hul webwerf by www.myschool.co.za. Oupa’s en ouma’s kan ook kaarte aanvra en gebruik.
- Ons het fondsinsamelings wat ook pret is vir die leerlinge soos
  - Mnr. en Mej. Danie Malan
  - Waterkaskenades
  - Sokkie
  - Waatlemoenfees

IS DIE DISSIPLINE IN DIE SKOOL GOED?

- Die skool werk met ‘n krediet- en debietstelsel.
- Ons fokus op die positiewe.
- Elke kwartaal word die Top Tien Kredietverwerwers van Graad 4-7 aangewys en ontvang balkies.
- Elke week wen ‘n klas uit Graad 4-7 die Gedragstrofee. Elke kwartaal ontvang die klas wat die trofeë die meeste kere gewen het, ’n beloning soos ’n lekker roomys.
- Ons het ‘n Boelie-beleid en Boelie register. Boelies en slagoffers word bygestaan deur die skool se twee Spelterapeute en een jeugwerker.
- Ons volg die “Transforming Kids” waardeprogram. Waardes word vir die leerlinge aangeleer en die kinders word beloon met plakkers as hul ‘n waarde openbaar.
- Elke kwartaal ontvang leerlinge met puik gedrag spogbriewe, waarin die skool die leerder en ouers gelukwens met die goeie gedrag.

WORD CHRISTELIKE WAARDES EN NORMES IN DIE SKOOL AANGELEER?

- Ons het elke week ‘n Gewyde sang periode waar die leerlinge in die saal die Here loof met lofsang. “Transforming kids” hanteer dit. Die leerlinge geniet dit baie.
- Ons begin elke oggend met skriflesing en gebed in die klasse en sluit elke dag oor die interkom af met gebed.
- Ons het na skool VCSV op Maandae waar die leerlinge Bybelstudie en lofprysing doen.
- Daar is ‘n jeugwerker by die skool werksaam wat die leerlinge help.
- Bywoning van Gewyde Sang en saalperiodes is nie verpligtend nie. Toesig word gereël vir leerlinge wie se ouers vooraf gereël het dat hulle dit nie mag bywoon nie.
- Ons skool het ses waardes nl. omgee, respek, eerlikheid, verantwoordelikheid, uitnemendheid en integriteit. Ons moedig leerlinge aan om hierdie waardes te openbaar.

GEE DIE SKOOL ERKENNING VIR GOEIE PRESTASIE?

- Leerlinge wat presteer binne skoolverband se prestasies word tydens Saalopeninge genoem asook in die skool se weeklikse Omsendbriewe.
- Leerlinge wat buite skoolverband presteer se prestasies word ook tydens Saalopeninge genoem as die ouers die skool daaroor inlig.
- Met die jaarlikse Merietefunksie word leerlinge beloon wat puik presteer het binne skoolverband. Leerlinge kry toekennings selfs al het hul in net een vak puik presteer en selfs as hul ‘n gemiddeld bo 70% het.

WATTER TRADISIES HET DIE SKOOL?

- Elke jaar word daar ‘n Waatlemoenfees gehou voor die atletiek Wyksbyeenkoms. Dit is groot pret.
- Elke oggend om 07:00 hou ons parade by die vlagpale en die leerlinge wat daar is, staan op aandag tot die seremonie verby is.
- Die inhuldiging van die leiers is jaarliks ‘n baie spesiale geleentheid.
- By die gedenktuin kan Graad 7 leerders hul name teen die Gedenkmuur laat graveer. Dit is die eerste keer in 1946 gedoen toe Coert Steynberg die name van elke kind, en skoolkomiteelid op granietblokkies in die monument vasgelê het.
- Ons neem spesiaal afskeid van ons Graad 7’s tydens ons jaarlikse Graad sewe Afskeids-diens.
- Die Graad 7 Afskeidsgeselligheid.
- Die Noord van die Berg atletiekbyeenkoms word sedert 1996 deur Danie Malan

aangebied.

WAT DOEN DIE SKOOL OM DIE GRAAD 1'S TUIS TE LAAT VOEL?

- Die dag voor die skool in Januarie begin hou ons 'n kuierdag van 09:00—10:00. Sodoende weet u kind die eerste skooldag al in wie se klas hy of sy is, en lyk die skool dan nie meer na so 'n vreemde plek nie. Dit is om skeidingsangs te verminder.
- Die leiers word spesiaal opgelei om die Graad 1's te help wat sukkel om aan te pas.
- Ons jeugwerker en twee spelterapeute, staan leerlinge by wat sukkel met skeidingsangs.
- Ons hou 'n spesiale Atletiekdag vir ons Graad 1's aan die begin van die jaar.

WAAR KAN ONS SKOOLDRAG KOOP?

- Danie Malan se skooldrag is beskikbaar by
    - Overkruin Uitrusters (Emily Hobhouse straat 227 Tel 0125465718)
    - Silvercross (Madeliefie sentrum Tel: 0125466525)
    - Solomons (Gerrit Maritzstraat 509 Tel: 0125654037).
- Tweedehandse skooldrag is ook beskikbaar by die skool se klerebank. U kan die kantoor skakel en 'n afspraak maak om klere daar te kry. Slegs 'n donasie word gevra.

WATTER ONGEWONE LEKKER DINGE WORD BY DIE SKOOL GEDOEN?

- As die leerlinge verjaar mag hulle gewone klere aantrek.
- Op Vrydae mag die leerlinge Vrydagdrag dra.
- Met Valentynsdag mag die leerlinge rooi of wit klere aantrek.
- Ons wys soms dat ons bloed blou is, groen as die Springbokke speel en geel as Bafana Bafana speel.
- Elke jaar word daar minstens een daguitstappie vir elke Graad gereël.
- Die laaste dag van elke kwartaal kom die skool 11:00 uit.
- Die laaste dag van die kwartaal hou ons Markdae. Die Intersenfase se leerlinge verkoop eet en drinkgoed, en het stalletjies met 'n verskeidenheid oorspronklike speletjies.

HOE KOMMUNIKEER DIE SKOOL MET DIE OUERS?

- Die skool se webblad www.daniemalan.co.za bevat inligting en foto's.
- Die skool gee weekliks omsendbriewe uit aan ouers rakende aktiwiteite wat nog gaan plaasvind, en die resultate van aktiwiteite wat plaasgevind het,

asook enige ander belangrike inligting. Elke oudste en enigste leerling ontvang op Dinsdae die omsendbriewe, en dit word ook na die ouers ge-epos.

- Belangrike inligting word per sms aan ouers gekommunikeer.
- Daar is elke kwartaal ‘n oueraand waartydens die klasonderwyser gespreek kan word.
- Afsprake kan ook met die klasonderwyser gemaak word indien u iets met hom/haar wil bespreek.
- Ons is baie aktief op “facebook”.
- Ons gebruik ook die toepassing “School communicator” om inligting aan ons ouers oor te dra.

KAN ONS AL INSKRYF?

- Indien u ’n Graad R leerder is moet u jaarliks op die aanlyn webtuiste van die departement inskryf op die datum wat dit open. Dit is gewoonlik na die April vakansie.
- Ons het beperkte plek so ouers moet reeds vroeg inskryf. Ons gewoonlik reeds op dag 1 vol.
- Indien u werk of bly binne ‘n 5 km radius van die skool, sal u op waglys A geplaas word.
- Indien u buite die 5 km radius vanaf die skool woon sal u op Waglys B geplaas word.
- Leerlinge wat na 30 Junie ses word, word nie toegelaat nie. Indien u kind voor 30 Junie ses word, sal u kind se aansoek ook ’n skoolgereedheidsverslag van ’n sielkundige moet bevat. Ons beveel egter aan dat u u kind eers inskryf die jaar wat hy/sy sewe word.
- Graad 1-7 persone kan aansoekvorms voltooi.
- Voltooi die aansoekvorms en stuur dit terug met:
    - Afskrif van geboortesertifikaat
    - Afskrif van inentingsertifikaat
    - Afskrif van ouers se ID-dokument
    - Afskrif van Graad R verslag / nuutste rapport
    - Oorspronklike water-en-elektrisiteitsrekening
    - Indien u in die area werk maar nie bly nie, moet u ‘n bewys van u werkgewer inhandig dat u in die area werk.
- Dit is belangrik dat u al die bogenoemde insluit.

HOE WEET EK DAT MY KIND SKOOLGEREED IS?

- Die kind is skoolpligtig in die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word. Hoewel ‘n kind skoolpligtig is, twyfel ouers soms of hulle skoolgereed is.
- Hier is ‘n paar riglyne:
- **Motoriese vaardighede:**

- Goed kan spring –touspring, verspring.
- Redelik akkuraat met ‘n bal kan gooi.
- Tien sekondes op een been kan staan.
- Natrek van sirkel, vierkant, kruis, ens.
- Met blokke kan bou.
- Eenvoudige papiervorms kan uitknip.
- Legkaarte kan bou.

- **Taalvaardigheid:**
  - Ervarings met korrekte uitspraak - oorvertel.
  - ‘n Eenvoudige natuurtoneeltjie kan beskryf.
  - In prenteboeke kan rondblaai.
  - Eenvoudige prente kan beskryf (vertel).
  - Die verskille tussen 2 dinge kan opnoem.
  - ‘n Boek reg kan hanteer en versorg.
- **Syfervaardighede:**
  - Tot 10 kan tel, bv. lepels op die tafel, ens.
  - Vier syfers kan herhaal, bv. 4213.
  - Ken verskil tussen groot en klein, baie en min, lank en kort, bo en onder, voor en agter, binne en buite, ‘n klomp en ‘n paar.
  - Ken eie woonadres en telefoon nommer van ten minste een ouer.
- **Sosiale en Emosionele vaardighede:**
  - Selfstandig kan uittrek en aantrek.
  - Losmaak en vasmaak van knope en skoenveters.
  - Goed met maats kan speel en saam werk.
  - Bevele kan aanvaar en opdragte gewillig uitvoer.
  - Speelgoed mooi oppas en gereeld bêre.
  - Stip en getrou wees met werkies tuis.
  - Vir kort rukkies stil kan sit en met aandag luister **(NB).**
  - Redelik kan oorvertel wat u gesê het.
  - Selfstandig die skool kan bereik.
  - Gesag en dissipline kan aanvaar.
  - **BAIE BELANGRIK—Gee ‘n opdrag slegs eenmaal!!!**

Baie sterkte met u besluit.

Danie Malan groete.

Hettie Smith
Skoolhoof